

Die lewe in HOOFLETTERS

Elke ma sal jou kan sê kinders laat die horlosie stop.
Die sangeres en aktrise Sorina Erasmus vertel hoe
haar kroos haar roeping kom sement het.

deur DAWID BRAND foto's HANNERI DE WET

Daar's niks soos die maatslag van winter nie, veral as jy in die bos of op 'n plaas is. Dis die geluid van laas nag se yslagie wat die gras onder jou sole laat knars. Die wasem wat soos 'n stoom-trein van ouds uit pas gemelkte beeste se neuse borrel. Die wind wat die woorde van 'n nuwe seisoen deur gestroopte takke fluister.

Met die horlosie se korthand op tien is die Irene-melkplaas op die soom van die Jakarandastad reeds 'n woeligheid. Oral is ma's met stootwaentjies, vriendinne by tafeltjies, kleuters wat op 'n ou roesbruin trekker klouter.

Sorina kom soos die Augustus-wind ingewarrel en bestel tee. Twee lepels Sorina met 'n ruimhartige skeutjie Flooze.

Pa Braam het die tweejarige Braambossie (oftewel Abraham Carel Riekert die vierde) by die kleuterskool gaan aflaai en die jongste toevoeging tot die bedrywige Riekert-huishouding, die vier maande oue Miana, is tuis onder die wakende oog van Miriam, Sorina se regterhand van die afgelope vier jaar.

Loopbaanroeping

'n Dekade se sand het deur die uurglas geloop sedert die Flooze haar buiging op *7de Laan* gemaak het "met 'n *one-liner* en vuishou vir Paula". Ofskoon die Flooze die vuurhoutjie was wat Sorina se loopbaankruitvat laat vlam vat het, glo sy dit was alles deel van God se plan dat haar lewe eers sewe-sakkesout-sirkels moes loop.

Sy't regte by Tukkies gaan studeer, maar haar hart het altyd

drama toe gestaan. Nadat sy haar LL.B.-graad behaal het, het sy drama by die destydse Pretoria-technikon gaan studeer én deelyds 'n meestersgraad in kinderreg verwerf.

Hierna het drie maer jare gevolg. "Daar was baie toe deure. Amper nét toe deure. Slegs enkelverskynings as enigiets van 'n *call-girl*, tot iemand in die tronk of 'n straatmeisie. *Scandal*, *Generations*, *Song vir Kartyn*, *Hart van staal*."

Toe, oornag in 2006, word die Flooze bykans volksbesit. Om die Flooze se dekade in die bedryf te vier word 'n nuwe album, *Hotter as botter*, later vanjaar uitgereik. "Dit sal my vyfde album wees. Die eerste, *Engel met 'n engel*, is in 2007 uitgereik, gevolg deur *Hoezit my Tjomma!*, *Ek watch jou* en *Hoofletters*." Is daar enige planne vir die Flooze om weer in die *Laan* uit te slaan? "Man, sy's mos soos 'n slegte sooi-brand: Jy weet nooit wanneer en waar sy gaan oppop nie," lag sy.

Sorina vertel hoe haar ouma gebid het dat sy 'n rol in *7de Laan* moes kry. "My ouma weet nie wie Charlize Theron is nie, maar van Hilda kan jy haar niks vertel nie. As 'n akteur klim jy in 'n karakter se skoene in. En later kan jy weer uitklim. As sanger is jy egter gestroop tot jou essensie. Ek het nou die dag afgekomp op 'n skets wat ek in graad 1 gemaak het. Ons moes onself teken en skryf wat ons eendag wou word. Ek het myself op 'n podium agter 'n mikrofoon geteken en geskryf ek wil grootword, trou en kinders kry. Min het ek geweet hoe profeties dié skets was.

"Vandag doen ek presies dít. God het vir my die gesin én die platform gegee om mense te bereik en aan te raak."

Hoewel baie mense steeds die Flooze versoek by haar ►



PRODUKSIE: Marselé Prinsloo; STYLING: Juané Scheepers; HARE EN GRIMMERING: Ilana Zietsman; KLERE VAN Big Blue ☎ 011 880 3994, MRP ☎ 011 784 8465 en Earthchild ☎ 011 684 1552; FOTO'S GENEEM BY Irene-landgoed www.irenefarm.co.za

◀ vertonings, wil die publiek ook ál meer weet van Sorina die vrou en ma, vertel sy. En dis hier waar haar loopbaanroeping begin vorm kry het.

“Mense wil lag, maar hulle soek ook die lewensverhaal. Ek glo ek is geroep om mense waardig te laat voel. Daar is soveel seer in die wêreld en ek deel daarom ook my eie tye van stryd en sukkel. As kunstenaar het ’n mens die verantwoordelikheid om respek vir almal te hê.

“Klasse is ’n werklikheid. Jy kan nie saam met konings sit as jy nie saam met bedelaars kan eet nie – was dit nie wat Jesus se voorbeeld aan ons was nie? Vir die een mens is tuindwergies kómmen, vir ander is dit kuns.” Sorina én Flooze.

“Ek wil hê elkeen wat my pad kruis, ongeag hul agtergrond, moet voel hulle is waardig. Ek wil ondanks my eie voete van klei deur liefde die beste wees wat ek vir God se koninkryk kan wees.

“Ek glo ’n mens leer baie meer uit mislukkings as welslae. Die grootste baanbrekers bereik dikwels die hoogste bergpieke vanuit die diepste groewe. As ’n mens nog altyd alles gehad het, weet ’n mens nie hoe dit voel om niks te hê nie. Dan ontbreek dankbaarheid. Ek wil vir my kinders hoop gee. ’n Mens kan alles verloor, maar ’n mens moet nooit hoop verloor nie.”

Liefdesroeping

Ons gesels oor hoe sy en Braam, ’n sakeman en haar bestuurder, mekaar op ’n toe-oë-afspraak by ’n Nataniël-vertoning ontmoet het. “Ek was platsak toe ons mekaar leer ken het. Ek het nie eens geld gehad vir ’n goedkoop bottel vonkelwyn nie! Toe skryf ek vir hom ’n liedjie vir sy verjaardag, *Funky boere-seun*, en neem dit met die hulp van wyle Christa Steyn op wat ek ontmoet het toe ek in 2004 aan Crescendo deelgeneem het.

“Braam kon nie glo wat hy hoor nie en het daar en dan besluit om my eerste onafhanklike CD te finansier. Só het *Engel met ’n engel* die lig gesien.” Die egpaar is al agt jaar getroud en volgens Sorina inmekaar gerank. “Ek kan my nie ’n lewe sonder Braam voorstel nie. Hy vul my aan. Hy is my klankbord en grootste kritikus. Hy is my asem en my aardse fondament.

“Van fundamente gepraat: Ons bou tans aan by ons huis en moes ’n deel van die fondament vergroot. Ek het nooit besef dit is so ’n groot en tydsame werk nie. Ek kon prakties sien waarom ’n huis nie sonder ’n stewige fondament kan staande bly nie. Daarom is God die middelpunt van ons huis.

“Iemand het vir ons ’n bottel badolie as trougeskenk gegee met ’n kaartjie: Bid saam en bad saam. Al is dit soms chaos en is ons soms al vier in een bad, hou ons vas hieraan. Kom wind, kom weer, kom oseaan. Dit is ’n rots waarop ons huisie staan.”

Die koms van hul twee kleingoed was allermins ’n punt agter hul lewensin. Vir haar en Braam is die lewe nou éérs in

Hoofletters, net soos die titelsnit van Sorina se jongste, gelyknamige album. Sinne kompleet met koppeltekens, aandagstrepe en uitroepetekens. “Ek het my lewensroeping gevind. Dis asof niks anders meer saak maak of belangrik is nie. Net die wete dat God my waardig geag het om twee kinders aan my toe te vertrou. Dit is asof tyd stilstaan.”

Lewensroeping

“Eintlik is ek ’n kaalvoet Bosveld-plaasmeisie. Ons het op ’n mangoplaas naby Naboomspruit (nou Mookgophong) grootgeword.” Sy en haar rolmodelboetie, Janus (hy is ’n jaar ouer as sy), is nog baie na aan mekaar. Vandag woon haar ma, Mariana (’n Afrikaansonderwyser), en pa, Nicky, wat in die boubedryf werk, ’n klipgooi van Sorina-hulle af in Pretoria en is ouma en oupa alte gretig om na hul kleinkinders te kyk.

“Miana is genoem na my ma, Mariana Elizabeth. Dit beteken “God is genadig”. Sy is ons prinses. Braambossie is weer ons krulkoppe wat die lewe voluit pluk. Hy is vir ons sinoniem met die son. As die son sy kop uitsteek, is hy op, gereed vir aksie. Besig, beproef alles. Hy’s ons woelige, wilde *warrior*.

“Ek is op ’n plek waar ek vir die eerste keer verstaan wat God se perfeksie werklik beteken. As ek daai klein kinderlyfies vashou, besef ’n mens dat Hy alles volmaak skep. Dat alles te midde van ons gebrokenheid volgens Sy tyd verloop. Wat onvoorwaardelike liefde beteken, want die liefde wat ek vir my mense het, is maar ’n druppel aan God se liefdesemmer.

“Ek het geleer dis in die haak as ek nie vandag by alles uitkom nie. Die *admin* kan môre ook gedoen word. Braam sê om kinders te hê is soos om gholf te speel. Jy kan hoe hard oefen, maar dis vandag, op die baan, waar dinge na een van twee kante toe kan gaan... óf jy speel die perfekte hou óf jy beland in die sukkelveld. Dan probeer jy maar môre harder.

“Om kinders te hê is ’n geweldige verantwoordelikheid. Jy is nie die *next best thing* nie. Jy is hulle Plan A. Hulle is heeltemal op jou aangewese en afhanklik van jou. Ek wil hulle leer dit maak nie saak of jy nou die sportster of die pawiljoensitter met die Bovril-broodjie is nie, jy is die beste, want vir Hom is jy die beste. Moet nooit probeer om iemand anders te wees nie. Wees voluit jy.

“My alles – my instink, my kalender, my horlosie – is op hulle ingestel. Hulle gaan weet as ek hulle nie vandag vasgehou en opgetel het nie. Ek probeer altyd onthou waar ek begin het. Dat niks ’n reg is nie. Dat ek niks verdien nie.”

Daarom bly die boekmerk in haar Bybel by Jeremia 29:11 en Koos du Plessis se *Gebed* op herhaal in haar CD-speler: “Wat ons is, is net genade. Wat ons het, is net geleen.”

So loop haar wysers in pas met God se maatslag. Soos ’n boshorlosie. Soos dit hoort. ■